
DIE SWART LUIPERD
No. 28
Geheim van die Berge
braam le roux

Binne enkele sekondes is die ruiter hier onder die Luiperdman, en Leon spring. Met geritsel van blare en die geraas wat die vreemde mondering veroorsaak, spring die Luiperdman na benede. Hy kom die volgende oomblik op die nek van die ruiter te lande. Albei val grond toe en die perd proes en spring opsy. Die Luiperdman speel egter gou met die Arabier klaar. Twee harde houe tref hom onder die kakebeen, en om heeltemal seker te maak dat hy tot laat in die nag soet gaan slaap, slaan die Luiperdman hom met 'n lang klip in die nek. Sonder om te aarsel, gryp die Luiperdman die krom sabel en nader versigtig die perd.

Stofomslag: Chris du Plo



INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Hutte in die Lug | 3 |
| 2. | Gestalte op die Horison | 14 |
| 3. | 'n Vrou as Losprys | 24 |
| 4. | Stem uit die Bosse | 35 |
| 5. | Die Pyl Tref | 46 |
| 6. | Duiwels op Perde | 57 |
| 7. | Die Stille Dood | 68 |
| 8. | Gees van die Bosse | 78 |
| 9. | Die Witkop Vrou | 88 |

Hoofstuk 1

# HUTTE IN DIE LUG

In die digte woude van Midde-Afrika luier 'n vreemdsoortige bok in 'n sonkol. Die dier besnuif die lug, want vir geruime tyd gewaar hy nou al iets hier in die bos wat nie altyd hier was nie. Die okapie, een van die seldsaamste en skuste boksoorte van die wêreld, ken die reuk van die pigmeë, hy ken die reuk van die olifant en van die luiperd, maar hierdie ander soet reuk slaan hom skoon dronk. Sy ingebore nuuskierigheid laat hom nie op die vlug slaan nie. Die dier maak geen geluid nie. Met sy langerige nek gluur hy maar aanhoudend tussen die blare deur en spits sy kort oortjies.

Soos hy daar staan, lyk hy baie soos 'n kruising tussen die Suid-Afrikaanse hartbees en die Suid-Amerikaanse llama.

Nog 'n rukkie staan hy die lug en besnuif, dan gee hy stadig pad. Hy verdwyn tussen die donker bosse. Geen takkie kraak wanneer hy voortbeweeg nie. Net af en toe kom die lower in beroering wanneer die slank liggaam daardeur beur.

Vir lang oomblikke heers daar doodse stilte in die magtige oerwoud. Daar is geen enkele windjie wat trek of wat oorsaak kan wees dat die breë groen blare van die bosreuse effens in beroering kom nie. Die tropiese son skroei ongenadiglik op die groen blaredak neer. Slegs hier en daar dring die son tot op die blaarbedekte aarde deur, maar origens is die skaduwees geheimsinnig donker en 'n klam bedompigheid styg van die grond af op. Plek-plek hang die muwwe reuk van verrotte blare in die lug. En hier tussen die bosse is dit broeiend warm. Die okapie voel die hitte nie, maar die geselskap wat so stil moontlik deur die oerwoud beweeg, geen honderd tree van die sonkol af waar die okapie sekondes gelede gestaan het nie, vind hierdie neerdrukkende hitte ondraaglik. Dit voel of die sweet op hulle liggame taai word, of die

klam warm lug van die oerwoud verhoed dat hulle liggaamsvog verdamp.

Dit is die reuk van hierdie stadig bewegende groep mense wat die okapie alreeds sedert gister in sy neusgate voel prik. En dit is inderdaad 'n seldsame prosessie in hierdie oerwoud. Selde of ooit dring 'n ekspedisie van hierdie aard die oeroue bosse so ver binne.

Heel voor loop 'n swarte met naakte bolyf, groot en frisgebou. Die sweet lê in plasse op sy voorhoof en hy het 'n lang mes in sy hand waarmee hy die groen takke voor hom 'n bietjie uitdun. Net agter hom volg 'n atleties geboude blanke met 'n groot helm op sy kop. Hy dra 'n geweer in die waai van sy arm. Daar is 'n stroewe uitdrukking op sy rooi gesig. Op sy hakke volg 'n vrou, 'n aanvallige jong dametjie wat egter blykbaar lief is vir hierdie soort lewe. Sy kom minder stroef voor as haar metgesel voor haar. Haar blonde hare hang los op haar skouers. Sy is gekleed in 'n noupassende geelgroen bloese en 'n rybroek met kamaste.

Agter die meisie volg nog twee naturelle, geelbruin van kleur. Ook hulle is gewapen met lang haakmesse. Die geselskap loop stadig en af en toe kom hulle tot stilstand om die voorste naturel 'n kans te gee om die oerwoud voor hulle effens mak te maak ten einde hulle in staat te stel om deur te sukkel. Dit is ook duidelik dat die groepie wat so vasberade deur die oerwoud beur, reeds afgemat is. Hulle loop nog ongeveer honderd tree, tot by 'n oop kol tussen die bosse waar die tropeson versengend bak, en dan roep die witman halt.

,,Ons rus hier 'n bietjie, Doris. Ek is moeg. En julle?''

,,Ek is ook uitgeput, Frank, en teleurgesteld,'' antwoord die meisie. ,,Ek het werklik geglo dat ons vandag weer 'n okapie gaan teenkom, maar ons het nog nie eens 'n spoor raakgeloop nie.''

,,Ja, dit is teleurstellend, Doris, maar op so 'n onderneming moet jy net moed hou, volhard. Ons moet hulle in hierdie strook teenkom, nie waar nie, Bambo?'' en die spreker kyk na die frisgeboude swarte wat die klein groepie lei.





Bambo knik dadelik bevestigend.

,,Ons moet, Bwana. Hulle is hier. Die dwergmensies kry hulle altyd hier. Ons moet hulle nog vandag kry. As dit warm is, beweeg hulle nie baie nie. Dan staan hulle doodstil. Ons sou seker al van hulle teengekom het, was dit nie vir die digte bosse nie. Maar hier is ons in 'n soort leegte, Bwana. Wag totdat ons hier tussen die lower uitkom, waar die bosse nie so dig teen mekaar boer nie, en ons sal hulle kry.''

,,Wel, dit is bemoedigend, Bambo,'' sug die meisie en sy gooi haar rugsak op die grond en sink daarnaas neer. Die swaar kamera wat oor haar skouer hang, word ook versigtig neergesit.

Haar manlike metgesel vly hom ook op die blare neer en hy begin dadelik pyp opsteek nadat hy sy hoed langs hom neergelê het. Hy begin lustig daaraan suig. Die drie swartes sit op 'n eerbiedige afstand van hulle af.

,,Bambo, haal die water uit en laat die manne drink. Ons kan nou maar eet ook, of hoe sê jy daar, Doris?''

,,Gewis. . . Dit sal ons sterk vir die verdere reis.''

Doris bewonder die hoë bome, die breë, groen blare en sy is bewus van duisende muggies wat om haar soem, en die luide, skril geroep van 'n aap hoog in die boomtoppe.

,,Dit klink darem byna na 'n mens, Frank.''

,,Werklik, ja, maar tog voel ek rustig as ek daardie ou hoor skree.''

,,Ek ook, maar ek voel nie rustig as ek aan die res van die geselskap dink nie. . . aan Vader en aan die vier ander. Vader sal boos wees as hy weet dat ons weggegaan het, en dit ontdanks die feit dat hy ons gewaarsku het.''

,,Ek wil dit hê, Doris. Maar hy sal gou stoom afblaas. Onthou jou vader, Pat O'Neil, is my baas. Ek ken hom net so goed as jy. Hulle sal egter maar mooi netjies vir ons moet sit en wag, totdat ons

terugkeer.''

Bambo is besig om koue vleiskos en groente in kartonborde te skep, en vir 'n hele rukkie heers daar 'n doodse stilte onder die vyftal.

,,Maar dink jy nie dit is hulle verdiende loon nie, Doris? Ons kom as 'n geselskap natuur- en dierkundiges hierheen. Ons kom soek na seldsame diersoorte en na seldsame insekte, en op die tweede dag van ons verblyf hier in die hart van Afrika praat Pat O'Niel, Monty Hall en die ander drie net van 'n dwergras, êrens in die berge, wat potte goud, silwer en diamante in die hart van die aarde bêre. Hulle praat van goue pyle wat hierdie dwergies afvuur en van skatte. Dit maak my sat. Hulle bly sit op een plek en vergeet ons eintlike sending, en dit terwyl ons gister ons eerste okapie op 'n afstand teengekom het.''

Doris kyk op na die blaredak bokant haar.

,,Dit is waar, Frank. Dit het my al vererg. Daarom dat ek gewaag het om saam met jou te kom. Ek is sat vir die ewige beraadslagings tot laat in vader se tent. Wanneer sal hulle hul eintlike sending onthou, die okapie en die ander wildsoorte? Wanneer wil hulle 'n okapie vang? 'n Lewendige een in New York se dieretuin sal van onskatbare waarde vir die wetenskap wees.''

Doris neem haar kos by Bambo en begin dadelik eet. Frank doen dieselfde. 'n Soort boskraai, groot met veelkleurige vere, gee uiting aan sy ergernis toe hy die groepie onder die bome sien, en vir 'n oomblik kyk almal op.

,,Wat 'n wonderlike voël, Doris!'' roep Frank uit, maar sy antwoord kalm:

,,Ek het al etlike voete film van hom.''

,,Net die okapie waarin jy nou belang stel, nè, Doris?'' lag Frank.

,,Presies. . . Net die okapie.''

Sy staan op en wil haar rugsak weer optel.





,,Stadig, Doris,'' waarsku Frank. ,,Moet nie te oorhaastig wees nie. Dink jy hierdie swartes sal nou weer begin? Kyk maar na hulle!''

Doris sien nou eers dat twee van die swartes reeds omgeval het en vas aan die slaap lê. Wanneer die son loodreg in die gewelf staan, dan neem hulle hul slapie, 'n soort siësta van hierdie inboorlinge, dieselfde waaraan die Latynse volke so geheg is.

Dit is duidelik dat ook Bambo sy oë nie meer kan oophou nie. Verontskuldigend sê hy:

,,Die slaap trek my oë toe, Bwana. Laat die son net bietjie afgaan, dan loop ons weer. Die plek by die rivier waar ons vannag kan tent opslaan, is nie meer ver nie. Dit is baie naby. Voordat die son nog onder is, sal julle okapies kry.''

Hy sink sommer dadelik teen die boomstam agter hom neer en sy oë val toe. Frank lag en Doris skud haar hoof nadenkend. Sy buk en tel haar duur, ingewikkelde kamera van die grond af op. Sy verstel effens daaraan en dan stap sy so 'n entjie van die slapendes af. Frank swaai sy geweer oor sy skouer en volg haar.

,,Ons beter hulle maar 'n kansie gee om te dut, Doris. Dit is nou presies twaalfuur, en hy sê mos die rivier is nie meer ver nie.''

Doris gaan sit op 'n droë stomp en Frank kom langs haar plaasneem. Doris staar tussen die lower in en dit is duidelik dat sy die geluide van die bos geniet. As dierkundige ken sy die meeste dieregeluide, maar daar is baie wat sy gister en eergister vir die eerste keer gehoor het. 'n Vreemde stilte, af en toe versteur deur die geluide van die oerwoud, sak om hulle neer.

,,Die oerwoud verwek altyd snaakse gevoelens binne-in my, Frank, so asof dit geheime bewaar, geheime van die eeue. Ek verwag altyd om iets vreemds te ontmoet, iets waarvan die beskawing nie weet nie, iets wat miskien net in die verbeelding en die dagdrome van 'n kind tuis hoort.''

Frank lag.

,,Soos byvoorbeeld kabouters?''

,,Ja, so iets. Jy weet, toe ek die eerste keer 'n pigmee gesien het, het ek gedink ek droom, maar nou het ek al 'n paar makkes ontmoet, en natuurlik lyk hulle nie meer snaaks nie.''

,,Nee wat, hierdie dwerge sal vir my altyd snaaks lyk. . .''

Hulle wip albei vinnig orent. Frank swaai om, met die geweer gereed. Iets het agter hulle die blare laat ritsel, byna asof 'n ding vinnig deur die bosse heen spring, in hulle rigting. Albei staar nou na 'n beroering tussen die lower hier geen twintig treë van hulle af nie. Albei verwag dat te eniger tyd 'n dier of ding daar te voorskyn sal bars, maar dit gebeur nie en binne enkele oomblikke roer die takke en blare ook nie meer op daardie plek nie. Frank staar egter nog stip daarheen en hy waag dit om te fluister:

,,Daar was iets!''

,,Ja, maar dit is nog daar. . . Dit het net gaan stil staan,'' meen Doris ook fluisterend.

Ná 'n paar oomblikke waag Frank dit om nader te stap, en skaars het hy een tree gegee, of die beweging is onmiddellik weer daar. Frank hoor ook op daardie oomblik hoe Doris haar asem vinnig intrek en die apparaat in haar hand vinnig na haar oog opbring. Die volgende oomblik uiter Frank 'n onderdrukte uitroep.

,,Daar is hy! Dit is 'n okapie!''

Doris se oog was egter vinniger as syne. Sy het die viervoetige dier met die lang nek, die onnosele blik in sy groot oë, reeds gesien toe dit vinnig 'n end vorentoe beweeg om dadelik weer nuuskierig vas te steek en tussen die blare deur te loer na die twee wesens wat die snaakse soet reuk afgee. Doris is net op die punt om haar eerste foto's van 'n okapie te neem, toe die dier sonder enige geluid weer wegspring en die bos dieper inhardloop. Frank buk vinnig om tussen die stamme deur te kyk waarheen die dier gaan. Hy sien dadelik dat die okapie glad nie lus het om werklik te vlug nie. Hy skyn net so nuuskierig te wees soos hulle.





Die vlugvoetige bok steek ongeveer tagtig tree van hulle af tussen twee groot wit stamme vas. Sierlik draai hy hom om en staar hulle uit die hoogte uit aan. Doris kan egter nie haar kamera op hierdie afstand gebruik nie en daarom buk sy vinnig weg en hardloop vorentoe. Frank is kort op haar hakke. Hulle spring tussen die takke deur, maar die okapie hou nie van hierdie stormloop nie, nuuskierig ofte nie. Vlugvoetig spring hy weer om en hardloop verder, maar op sy tyd. Dit is duidelik dat hy nie juis vlug nie, net versigtigheidshalwe padgee.

Doris word nou roekeloos. Sy wag nie eens op Frank wat nog probeer beduie nie. Frank roep haar agterna:

,,Versigtig, Doris! Hier is derduisende roofdiere. Stadig! Gee die okapie kans. Hy sal weer gaan staan.''

'n Paar oomblikke later steek sy weer vas en hy sien dat ook die okapie geen tien tree van haar af gaan vassteek het nie. Die eienaardige bok het hom skuins gedraai. Binne enkele oomblik gee die instrument in Doris se hand 'n gonsende geluid af. Doris juig. Dit het haar stoutste verwagtings oortref. Sy neem die dier af toe hy begin beweeg en 'n oomblik later weer stilstaan. Toe Frank kug, hardloop die dier egter weer, en Doris sit hom andermaal agterna.

,,Wees versigtig, meisie. Laat ons eers ons gids gaan wakker maak.''

Hierdie woorde bring Doris egter nie tot besinning nie. Sy hardloop blindelings agter die okapie aan. Nou lyk dit asof die bok wil speel, want hy steek vas, maar spring dan weg net as Doris half op haar een knie val om 'n beter opname te maak.

Ná 'n rukkie merk Frank dat die bosse yler word. Hulle kan die bok nou beter volg en die dier hardloop, werklik asof hy daarin behae skep dat die twee op sy hakke bly. Frank het ook nou wakker geword. Dit hinder hom nie meer dat hulle al verder en verder van Bambo en sy twee maats beweeg nie. Die paar goeie opnames wat Doris reeds gekry het, spoor hulle verder aan. En wie

kon droom dat hierdie eienaardige okapie so mak kan wees! Hulle hardloop nou nie meer nie, maar loop, en Frank is vlak langs die opgewonde fotograaf. Telkens beweeg die bok agter 'n klompie takke in, en net wanneer hy die fyn gegons van die rolprentkamera hoor, gee hy verder pad.

,,Ons sal nie verdwaal nie, sal ons?'' vra Doris ineens en sy kyk na Frank.

,,Nee wat,'' stel hy haar gerus. ,,Ons hardloop nog steeds in suidelike rigting. Ek hou ons rigting dop. Daarom wat ek netnou so effens agtergebly het.''

Skielik steek die okapie andermaal vas en hy spits sy koddige oortjies en loer terug na hulle. Doris bring haar kamera vinnig op en op daardie oomblik beweeg 'n klein swart figuurtjie voor die kamera-oog in. Doris sien dit en hyg na asem, maar sy neem tog die toneeltjie af. Die okapie gee verskrik pad en die pigmee se pyl swiep deur die lug. Dit tref die dier in die nek en vir die eerste keer uiter die bok 'n geluid, byna soos die geblêr van 'n skaap.

Frank gee 'n uitroep van verbasing en Doris skree:

,,Dit is 'n gifpyldwergie. Ek het sowaar 'n unieke foto. . .'n gifpyldwergie op jag en sy slagoffer een van die seldsaamste boksoorte in die wêreld. Heerlik, Frank! Ons is bo verwagting gelukkig! Kom, ons moet sien wanneer daardie bok neerstort.''

Nou hardloop hulle weer vorentoe en 'n paar oomblikke later hoor Frank die gebruis van rivierwater. Nog 'n paar tree verder en hulle hardloop tussen hoë bome met lang kaal stamme in. Hulle sien die rivier tussen die stamme deur en toe Frank opkyk, hang sy mond oop. Hoog bokant hulle in die mikke van etlike bome is bamboeshutjies aangebring. Onmiddellik weet Frank dat dit die plek is waarvan Bambo gepraat het. . . die huisies in die bome, waar hulle kan oornag. Dit is die eienaardige bamboeshuisies van 'n rivierras, klein bruinerige mensies, net soos die pigmeë, maar minder opgewasse teen die eise van die lewe hier in die bos. Bambo





het vertel dat die mensies gevlug het net nadat die rivier een woeste windnag afgekom het.

Vir 'n oomblik het ook Doris die okapie en die pigmee vergeet. Sy staar op na die bamboeshuisies in die mikke en roep uit:

,,Hoe wonderlik! Hoe sprokiesagtig!''

,,Dit is die plek waar ons kan oornag, Doris. Onthou jy? Bambo het dit beskryf.''

,,Maar hy het gesê dat die plek onbewoon is. Tog lyk dit nie so nie. Die huisies sien daar te netjies uit.''

Sy staan 'n paar passe agteruit en rig haar kamera na een van die bamboeshutte. Weer is daar 'n gegons. Frank staan verbaas en toekyk.

Ineens pak 'n eienaardige gevoel hom egter beet; 'n gevoel dat hulle nie alleen is nie; dat iets of iemand uit daardie bamboeshutte op hulle afloer. Daar gaan koue rillings in Frank se ruggraat af. Hy draai vinnig om en is net betyds om te sien hoe iets die struike agter hom in beweging bring. Hy tel sy geweer vinnig op en lê aan. Hy wag net 'n paar sekondes en dan kan hy sy eie oë byna nie glo nie.

Tussen die lower staan 'n perd, 'n vuilwit perd, en op sy rug sit 'n man fier en regop met 'n lang lans in sy regterhand. Dit lyk vir die verbaasde en verskrikte Frank soos 'n Arabier. Die persoon bly op sy perd sit; hy sê niks nie; hy staar net af na Frank, en dit is asof hy die geweer in Frank se hand aandagtig dophou. Die vuilwit perd speel met sy kop. Dit lyk of dit 'n lewendige dier is. Frank kan nog steeds geen woord uitkry nie. Hy staan verstom. Wie verwag 'n perd hier in die wildernis? En wie verwag 'n Arabier hier? Hulle tuiste is in die woestyn, baie ver van hier af. Hierdie gebied grens wel aan 'n onherbergsame, onbewoonbare deel van die Sahara, maar nogtans verwag mens op hierdie plek geen woestynbewoners nie, en net so min hulle pragtige Arabiese perde.

Frank laat sy hand vinnig na sy voorhoof gaan. Sy voorhoof voel warm. Tog weet hy dat hy nie yl nie.